NG GEMEENTE ELLISRAS-WES

Weskerk
waar elkeen SY kerk is

Rooibossingel 25
Onverwacht
0557

Tel: 014 763 2691
E-pos: admin@weskerk.co.za

5 Junie 2020

HEROPENING VAN EREDIENSTE TYDENS VLAK 3 INPERKING

Vooraf:

Sedert die aankondiging deur die regering dat eredienste weer kan hervat onder streng voorwaardes is predikante, kerkraadslede en lidmate op 'n emosionele wipplank. Daar is aan die eenkant groot opgewondenheid oor die moontlikheid om weer in ons kerkgeboue te kan bymekaarkom, maar aan die anderkant vrees en onsekerheid. Nie net oor die implikasies en moontlike gevare in hierdie tyd nie, maar ook oor die omslagtigheid en beperkings van die regulasies.

Daar is groot verlange by ons lidmate om weer, soos wat ons dit gewoond is, 'n erediens in die aanbiddingsruimte te kan bywoon. Met die aankondigings wat in die pers gemaak is, sonder volledige verduidelikings van wat die regulasies alles beperk, is daar ook groot verwagting in die harte van lidmate geskep.

Dit maak die heropening van eredienste 'n veelkantige en komplekse saak wat goed beredeneer en in biddende afhanklikheid oorweeg moet word.

Die groot behoefte t.o.v. die heropening van eredienste:

1. **'n Gevoel van normaal/terugkeer na normaal** – dat as ons weer kan kerk toe gaan, ons weer kan voel dat die lewe gaan weer aan.
2. **Koinonia/Gemeenskap van gelowiges/Saamwees** – die groet en kuier, die koffie en die tee, die samehorigheid.
3. **Saam sing** – om as gemeente weer mekaar se stemme te kan hoor en met een hart die Here saam te kan loof.
4. **Om weer uit die huis uit te kom** – vir 'n ander rede as om net winkels toe te gaan en eerder 'n stuk vrede te beleef as die spanning van winkels en al regulasies wat daarmee saamgaan. Om weer in 'n ander ruimte van aanbidding te kan verkeer, daardie anderse atmosfeer te kan beleef.
5. **Veiligheid/sekuriteit** – natuurlik smag ons daarna om te voel dat ons nie alleen is nie, dat alles goed sal uitwerk, dat ons nog kan hoop en dat ons iets daarvan kan beleef as ons weer saam kan erediens hou soos wat ons gewoond is en voor lief is.

Wat tel teen ons?

1. **Ons het reeds voor die grendeltyd begin het, toe alle byeenkomste beperk is tot 100 mense, besluit om eerder virtueel erediens te hou** t.w.v. veiligheid en die logistiek en problematiek van om getalle te beperk.

2. **Die omslagtigheid van wat die regulasies vereis:**
    a. Elke lidmaat wat die erediens bywoon sal 'n masker moet dra vir die volle duur van die erediens
    b. By die deur word elke persoon se koors met 'n termometer gemeet.
    c. Sifting d.m.v. vraelys by die deure vir die volgende (Net so aangehaal uit die Gazette): *"fever, cough, sore throat, shortness of breath, or difficulty in breathing, including requiring people to report if they have one or more of the following symptoms: body aches. loss of smell or loss of taste. nausea, vomiting, diarrhoea, fatigue, weakness or tiredness."*
        i. Indien 'n persoon gedurende die diens simptome toon moet hul in 'n veilige isolasie ruimte geplaas word.
        ii. Hiervoor moet 'n aparte kamer of gebou geïdentifiseer word.
        iii. Dan moet hul dadelik gehelp word om nodige mediese hulp te verky

    d. Daar moet by die deure op 'n register aangeteken word, met die volgende besonderhede van die persone wat die diens bygewoon het:
    - Volle name;
    - woonadres;
    - Selnommer, huis telefoonnommer, e-pos adres;
    - asook die kontak besonderhede van mense wat in dieselfde woning bly as die persoon wat elke diens bywoon. Hierdie register moet by die kerk geberg word vir 'n tydperk nie korter as 6 maande nie.
    e. Handreiniger met minimum 70% alkohol by alle deure.
    f. Geen fisiese kontak tussen mense word toegelaat nie en 'n minimum afstand van 1,5m tussen persone. Familielede mag ook nie langs mekaar sit nie en moet ook die afstand handhaaf.
    g. Geen gemeentesang word toegelaat nie, behalwe vir solos of voorafopgeneemde musiek.
    h. As die godsdienstige aktiwiteit, soos prediking of sing van solos, nie met 'n gesigmasker gedoen kan word nie, moet die afstand tussen persone na 2,5m vergroot word.
    i. Geen aktiwiteit wat fisiese kontak vereis (bv doop) mag uitgevoer word nie.
    j. Die persone wat geld tel moet hulle hande voor, gedurende en na die tel ontsmet. Hulle moet daarop let om nie aan hulle gesigte te vat terwyl hulle met die geld besig is nie.
    k. Die hele plek van aanbidding, insluitende enige voorwerpe gebruik, moet voor en ná die geleentheid ontsmet word.
    l. Geen Bybels of enige ander boeke of objekte mag gedeel word nie.
    m. Alle gemeenskaplike areas soos toilette, ingangsportale, deurhandvatsels, ens moet gereeld ontsmet word.
    n. Alle erediens bywoners moet by elke diens ingelig word oor die gevare van COVID-19 en hoe om dit te vermy.

o. Daar word geen sosiale aktiwiteite voor of na die diens toegelaat nie (koffie drink, ens).
p. Persone oor die ouderdom van 60 en persone met komorbiditeite word aangemoedig om tuis te bly.
q. Gemeentes moet protokolle implementeer om seker te maak daar word voldoen aan hierdie regulasies.
r. Kerkraadslede en predikante moet self aanspreeklikheid en verantwoordelikheid hiervoor aanvaar.

3. **Maksimum 50 mense toegelaat, insluitende dominee, personeel en kerkraadslede teenwoordig** (Minder mense as fisiese afstand nie gehandhaaf kan word nie). Dit maak dit uiters gekompliseerd om te bepaal wie mag kom en wie nie. Selfs al hou mens verskeie eredienste geld bg. regulasies vir elke diens en moet die ruimtes tussenin skoongemaak word. Ons gemeentes het ook baie lidmate bo 60 wat graag die dienste sou wou bywoon, maar juis aangeraai word om tuis te bly.

4. **Die proses wat gevolg sou moet word sou een persoon wat diens bygewoon het positief toets.** Dit het implikasies vir almal wat saam op die register aangeteken is dat hulle dieselfde diens bygewoon het en vir die gesinslede wat in dieselfde huis bly wat nie by die diens was nie.

5. **Dis winter**. Ander siektes soos verkoue en griep is in die winter meer algemeen en maak mense nog meer kwesbaar vir COVID-19.

Eredienste binne hierdie raamwerk

Daar is wesenlike en realistiese kommer dat 'n erediens binne hierdie beperkende regulasies nie aan die sterk behoeftes, soos vroeër genoem, sal voldoen nie, maar eerder 'n teenoorgestelde, negatiewe belewenis tot gevolg sal hê.

Geen kuier voor of na die tyd nie, geen nabyheid of warmte nie, geen kategese, geen gemeentesang, die proses om net by die deur te kan inkom, beperkte getalle, maskers, afstand... Dit alles kan bydrae tot 'n baie koue en kliniese atmosfeer wat meer skade gaan doen as goed.

Met dit, en die ander sake hierbo genoem, in gedagte is die aanbeveling om nie onmiddelik weer eredienste in ons kerkgebou te hervat nie, maar eerder vir die oomblik aan te hou met aanlyn bediening soos tot dusver in die grendeltydperk gedoen is.

Waarheen nou?

Ons kan nou baie redeneer oor die geldigheid van die regulasies/hoe ernstig die siekte is/die getal van bevestigde infeksies in ons dorp, ens. maar dit is nie die punt nie.

Ons getuienis as Kerk van die Here is belangrik. Dit gaan oor die dinge wat ons sê, die manier hoe ons oor die pandemie en die regulasies praat en die manier hoe ons dinge doen. Die voorbeeld wat ons as Kerk vir die wêreld stel, die Boodskap wat van ons af na die mense rondom ons uitgaan. 'n Getuienis wat duidelik wys Wie ons Koning is en van die liefde van die Here ook vir ons naaste.

Alhoewel ons eredienste 'n integrale deel van ons geloofslewe, identiteit en kerkwees is, is dit slegs 'n *deel* van ons kerkwees, as Liggaam van Christus.

COVID-19 en beperkende regulasies gaan vir 'n tyd lank nog deel van ons lewens wees. ***Daarom moet ons nou saam werk om al die nodige sisteme in plek te kry sodat, wanneer regulasies op enige manier in ons guns verander, ons vinnige besluite kan neem en slaggereed is om so gou moontlik weer dienste te hervat.*** Ons kan saam soek na innoverende maniere om binne die regulasies op te tree en prosesse (soos temperatuur meting, siftingsvrae, rekordhouding, ontsmetting, ens.) sodanig te verbeter dat dit vir ons kan werk en nie teen ons nie.

Intussen moet ons ook na meer en meer ander alternatiewe maniere soek om prakties Kerk te wees in hierdie moeilike tyd. Daar is ruimte binne die feit dat kerke nou as essensiële diensverskaffers gesien word, wat ons tot ons voordeel kan gebruik om ons fasiliteite en ander huplbronne aan te wend om nood te verlig en die Boodskap van Hoop te verkondig in ons gemeenskap.

Mag ons in hierdie tyd werklik Sout en Lig wees!

Die Kerkraad besluit:

- om nie dadelik met eredienste in die kerkgebou te hervat nie
- om, in samewerking met ander gemeentes in die dorp, deurentyd die situasie te monitor en te evalueer sodat ons so gou as wat dit prakties moontlik en veilig is weer eredienste kan hervat.
- om 'n aksieplan op te stel vir alles wat intussen gedoen kan word
- om ons fasiliteite sover moontlik gereed te kry vir hervatting van eredienste.

Ds. Cornel Viljoen